

14

DIE VERLAMDE MAN God ken my nood

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet weet dat Jesus ons nood en lyding verstaan.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet –

- weet dat Jesus Christus hulle van hul sonde verlos het.
- weet die Here ken die nood en lyding van alle mense.
- besef dat die Here elkeen van hulle wil help en bystaan wanneer hulle swaarkry.
- die hooftrekke van die verlamde man se geskiedenis ken.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet dankbaar wees dat Jesus Christus hulle ook van hul sonde verlos het.

Vaardigheid

Die kinders moet iets gaan doen om te wys dat hulle vir ander omgee.

MEER INLIGTING (Markus 2: 1-12)

Jesus het oral rondgegaan en mense van sy Vader vertel. Hy het baie wonders gedoen. Op 'n keer was Hy in 'n huis besig om die mense te leer. Buite was daar 'n verlamde man wat op 'n draagbaar gelê het. Sy vriende het hom na Jesus toe gebring. Hulle wou hê dat Jesus hom gesond moet maak. Daar was so baie mense wat na Jesus geluister het dat die verlamde man nie by Jesus kon uitkom nie. Hulle het geglo dat Jesus hul vriend sal kan help. Daarom maak hulle 'n plan. Hulle het die verlamde man met die buitetrapp tot op die dak van die huis gedra.

Daardie dae het die meeste huise plat dakke gehad. Die vriende het 'n groot opening in die dak gemaak sodat hulle die draagbaar met toue in die huis kon laat afsak.

Al die mense in die huis was verbaas toe die draagbaar deur die dak kom. Toe Jesus dit sien, sê Hy vir die verlamde man. *Vriend, jou sondes is vergewe. Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.* Tot almal se verbasing staan die man op en vat sy draagbaar. Hy was gesond. Die man het God geprys en vir Jesus dankie gesê.

Omdat Jesus self 'n mens was en tussen mense geleef het, verstaan Hy wanneer ons in die nood is. Jesus weet alles van ons, ook wanneer ons swaar kry en wanneer ons sonde doen. So het Jesus ook die verlamde man se nood raakgesien en sy sondes vergewe.

Wanneer jy 'n probleem het of in die nood is, kan jy vir Jesus van jou nood vertel en vertrou dat Hy jou wil help. Ook wanneer jy sonde gedoen het, vergewe Hy jou as jy sê jy is jammer.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Kleurpotlode.
- 'n Potlood.
- 2 besemstokke of soortgelyke sterk stokke, 'n ou laken of 'n stuk sterk materiaal, en tou.

KOM ONS BEGIN

- Vra 'n ouer voor die tyd om met gebed te open.
- Vra 'n ouer voor die tyd om Markus 2: 1-12 voor te lees.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders hul boeke wys met die prente van gesonde kos wat hulle by Les 13 ingeplak het.
- Laat hulle die volgende vrae beantwoord:
 - Waarom sou julle sê God het ons wonderlik geskape? (*Ons kan ruik, sien, proe, hoor, voel en nog baie meer.*)
 - Hoe moet ons die skepping van God behandel? (*Ons moet die skepping van God oppas.*)
 - Noem soveel moontlik goeie en gesonde goed wat ons met ons liggaam moet doen. (*Ons moet gesonde kos eet; ons liggame skoon hou; gereeld tande borsel; ons hande en hare was; gereeld oefen.*)
- Vra of iemand kan sê waarom ons ons liggame die tempel van God noem. Help hulle reg indien nodig. (*Ons liggame is die tempel van God, want Hy wil in ons bly en daarom moet ons dit skoon en rein hou.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Het julle al iemand in 'n rolstoel gesien? Hoekom beland mense in rolstoel? Ja, dit is omdat hulle nie kan loop nie. Wat noem ons dit as mense nie meer hul bene kan gebruik nie? Hulle is verlam.

- In die Bybel se tyd was daar nie rolstoele nie. Die mense het van draagbare gebruik gemaak.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel van die gebeurtenis met Jesus en die verlamde man.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer in:

- Jesus Christus het ons van ons sonde verlos.
- Jesus ken die nood en lyding van alle mense.
- Jesus wil elkeen van ons help en bystaan wanneer ons swaarkry.
- 'n Verlamde man se vriende het vas in Jesus geglo.
- Daar was te veel mense en hulle kon nie naby Jesus kom met hul verlamde vriend nie.
- Hulle het 'n gat in die huis se dak gemaak om hul vriend by Jesus te kry.
- Jesus het vir hom gesê: *Vriend, jou sondes is vergewe. Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.*
- Die man het opgestaan en was gesond.
- Jesus vergewe ons sonde ook.
- Ons kan ook ons probleme na Jesus toe bring.

IETS OM TE DOEN

- Vra van die ouers om die kinders te help om 'n draagbaar met die stokke, laken en toue te maak.
- Wees baie versigtig en laat van die kinders onder hul ouers se toesig mekaar op die draagbaar dra indien dit sterk genoeg is.
- Laat hulle die opdrag in hul boeke voltooi.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders met hul ouers se hulp SMS'e stuur aan mense wat hulle ken en wat nood het om hulle te bemoedig.
- Laat hulle 'n kaartjie maak en dit vir die persoon of persone gaan gee.
- Laat hulle onder die prente gaan skryf hoe hulle ander wil help.

Leer

Laat hulle die volgende feite gaan leer:

- Jesus ken ons nood en probleme.
- Jesus wil ons help as ons swaarkry.
- 'n Verlamde man se vriende het vas in Jesus geglo.
- Hulle kon die verlamde man nie tot naby Jesus dra nie.
- Hulle het 'n gat in die huis se dak gemaak om die man by Jesus te kry.
- Jesus het vir die man gesê: *Vriend, jou sondes is vergewe... Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.*

- Die man het opgestaan en was gesond.
- Ons kan ook ons probleme na Jesus toe bring.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 541: 1 en 2 (verkort) as gebed.

*Ons bring aan U, Heer Jesus, ons lof en dank en eer.
Ons wil U met ons lewe, terwyl ons jonk is, eer.*

*Ons wil U dien, Heer Jesus, met ywer en met krag.
Help ons om as u kinders, te doen wat U verwag.*

*Beheer ons hart en lewe, o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late vir U 'n vreugde wees. Amen.*

Belangrik:

Reël betyds wie volgende week se klas gaan aanbied – veral vir die maak van hulpmiddels.